

SOUTH AFRICA / JUDGMENT

S v Maenetja (386/85) [1986] ZASCA 26 (24 March 1986)

[1986] ZASCA 26

COURT

Supreme Court of Appeal

BEFORE

Joubert, Viljoen, Jacobs

CASE / FILE NUMBER

386/85

Source: saflii.org · Research copy typeset by Esheria. Not court-issued or certified.

Saaknommer: 386/85

WHN

MATOME FREDDY MAENETJA Appellant

en

DIE STAAT Respondent

JOUBERT, AR

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(APPÉLAFDELING)

In die saak tussen:

Coram: JOUBERT, VILJOEN et JACOBS ARR. Datum van Verhoor: 14 Maart 1986 Datum van

Uitspraak: 24 Maart 1986

U_I_I_S_P_R_A_A_K

JOUBERT, AR :

/Op

2

Op 22 Januarie 1985 is die appellant asbeskuldigde 1 saam met agt ander beskuldigdes in die Noordelike Rondgang Plaaslike Afdeling te Tzaneen voor VAN DYK R en twee assessore aangekla op twee klagtes van moord. Klagte 1 is dat hulle op 5 Februarie 1984 in die distrik Naphuno die oorledene Chemist Rakgoale vermoor het. Klagte 2 is dat hulle op dieselfde datum en plek die oorledene Solomon Shai vermoor het. Die appellant is op beide klagtes skuldig bevind

aan moordsonder versagende omstandighede en gevolglik twee dood=vonnisse opgelê. Met verlot ingevolge art 316(8)(c)(ii) van die Strafproseswet 51 van 1977 kom die appellant nahierdie Hof in hoër beroep teen sy twee doodvonnisse.

/Uit

3

Uit die aanvaarde getuienis en bevindings van die verhoorhof blyk kortliks die volgende aangaande die tersaaklike agtergrond en omstandighede wat op die pleging van die twee moorde betrekking het. Al die beskuldigdes sowel as die twee oorledenes was lede van die Mogoboya-stam in die distrik Naphuno. Op 28 Januarie 1984 het die weerlig twee vroue onder 'n boom getref. Die een vrou is gedood terwyl die ander vrou beseer is sodat sy verstandelik aangetas is. Hierdie vroue is susters van die appellant. Die plek waardie weerlig neergeslaan het, is omtrent 500 meter vanaf beskuldigde nr 2 ('n indoe-na) se huis. Laasgenoemde het beweer dat die weerlig eintlik vir hom bedoel was

/maar

4

maar hy was gelukkig afwesig toe dit geslaan het. Die gerugte het onder die stam versprei dat die twee oorledenes wat welbekend as towenaars was vir die weerlig verantwoordelik was. Die stam het geld ingesamel en die twee oorledenes is toe na vroue toordokters geneem wat hulle as towenaars verantwoordelik vir die weerlig uitgewys het. Die oorledenes was nie daarmee tevrede nie. Geld is weereens deur die stam ingesamel en die oorledenes is na ander vroue toordokters geneem. By hierdie geleentheid is die oorledene Chemist Rakgoale as 'n towenaar uitgewys. 'n Lid van die geselskap het 'n bandopnemer saamgebring om daarmee op te neem wat die toordokters sê. Toe hy 'n battery in die bandopnemer sit, het 'n lamp

/wat

5

wat daar gestaan het se lig geskiet en die bandopnemer kon nie speel nie. Een van die toordokters het aangevoer dat die oorledene Chemist Rakgoale se weerlig het weer geslaan en was daarvoor verantwoordelik. Die ander oorledene Solomon Shai is ook as 'n towenaar uitgewys. Hulle koppe is geskeer as teken dat hulle uitgewys is as die towenaars wat vir die weerlig verantwoordelik was. Die groep persone met die twee oorledenes het op Sondagoggend 5 Februarie 1984 teruggekeer. Die appellant het deel van die groep persone uitgemaak. Lede van diestam het by 'n wilde-vyeboom vergader waar hulle geraas engeskree het. Die twee oorledenes is na die wilde vye-boom gebring. Van die omstanders het daarop aangedring

/dat

6

dat die oorledenes gedood moes word. Die appellant het

'n tou aan 'n tak vasgemaak en toe die oorledene Chemist

Rakgoale op 'n hopie klippe laat staan en die punt van die

tou om sy nek vasgemaak. Hy het die hopie klippe weg=geskop en na 'n halfuur is Chemist Rakgoale dood. Dieselfdëprosedure het die appellant met die ander oorledene SolomonShai gevolg. Terwyl laasgenoemde nog aan sy nek gehanghet, het die appellant na die polisiestasie gery en dievoorvalle aangemeld. Die distriksgeneesheer dr Eksteenhet op 10 Februarie 1984 lykskouings op die twee oorledenesuitgevoer en in albei gevalle vasgestel dat die oorsaakvan dood „hang aan die nek " was. Die verhoorhof hetbevind dat die appellant as belhamel by die ophang van die

oorledenes opgetree het.

/Ek 7

Ek sal straks handel met die getuienis watdie appellant t.o.v. versagtende omstandighede afgelê

het. Die verhoorhof het eenparig bevind dat die appellantnie daarin geslaag het om op 'n oorwig van waarskynlikhededie aanwesigheid van versagtende omstandighede te bewysnie. Die verhoorregter het die appellant se geloof

in die toorkuns soos volg behandel :

"Beskuldigde 1 se getuienis is dat hy standerdvier op skool gemaak het; dat hy vir 'n baie lang tyd tussen Blankes gewerk het; dat hy,wat die oorledenes betref, hulle vir baie jaregeken het; geen probleme met hulle gehad het;dat hy die betrokke dag uit weerwraak opgetreehet omdat hulle sy suster doodgemaak het -daarvan kan afgelei word dat hy dus tot 'n matein die toorkuns of die bonatuurlike geglo het.

/sy

8

Sy geloof was egter sodanig dat hy glad niebang was vir die twee oorledenes nie. Hywas nie beïnvloed deur wat die stam sou gesêhet nie, want hy het nie gehoor wat daar gesêword voordat hy besluit het om hulle dood temmaak nie en gedurende sy getuienis voor hierdieHof het hy gesê dat wat hy gedoen het hy goedgewet het verkeerd was.

Dit is volgens ons eenparige mening 'n aanduiding

dat die bietjie geloof wat hy in die toorkuns

gehad het glad nie voldoen aan die vereistes

wat neergelê word deur ons howe nie. Dit was

sekerlik nie opreg of eg nie. Sy optrede was

nie daarop gerig om 'n gevaar vir hom, ander

lewendes of vir die stam af te weer nie."(Ek onderstreep).Die verhoorhof het hier ernstig misgetas deurte bevind dat die appellant 'n „bietjie geloof" in dietoorkuns gehad het en dat dit bowendien „nie opreg of eg(was) nie". Die appellant het in kruisondervraginggetuig dat hy nie 'n Christen is nie. (Band 2 bl 128).

/Die Die verhoorhof het self geregtelike kennis daarvan geneemdat in die gebied waar die Mogoboya-stam woon die meestevan die Swartmense aan toordokters glo (Band 1 bl 67).Die appellant het soos volg getuig (Band 5 bl 415-416) :

„Kan jy vir ons beskryf toe die twee sustersvan jou nou deur die weerlig getref is, kanjy vir ons sê hoe het jy daaroor gevoel?- -

- My hart was baie seer gewees daaroor.En die rede hoekom jy na die toordokterstoe is, is vir wat? - - - Ja om te gaanuitvind wie is die oorsaak van daardie weerlig.

Hoe het jy op die idee gekom dat die weerligdeur iemand veroorsaak is? -

- - Ja want ekhet daarvan geweet dat die weerlig sal nie'n persoon doodslaan nie, slegs die boom.

Tensy wat? Die weerlig sal net 'n boom raak=slaan, tensy wat? - - - Die rede hoekom wouek gaan uitvind by die toordokter is dat ekglo vas aan toorkuns.

/Wat 10

Wat doen toorkuns? - - - 'n Persoon toor.

En wat doen hy as hy toor? - - - Hy toor mooi.

HOF: Wat bekommer jy jou dan as hy mooi toor?

- - - Hy kan vir jou met die weerlig slaan,

Hy kan ook vir jou vergif deur kruie in jou

kos te gooi.

MNR. DE JAGER: Ek sien en wou jy nou gaanvasstel wie die twee vrouens met die weerlig geslaan het? - - - Ja.

Nou ken jy die twee oorledenes al lank dathulle daar naby jou in die stam bly? - - - Vankleins af het ek daar beide oorledenes leer ken.

Wat doen hulle daar in die stam? - - - Hulle toor.

Hoe het jy dit daar vasgestel? - - - Toe ek grootgeword het daarso, ek het toe daarvan geweet, dathulle word, mense sê dat daardie mense toor,hulle is towenaars, van kleins af."

Dit is duidelik uit die appellant se getuienis dat hy vankleins af in die stam groot geword het met die wete dat die twee oorledenes towenaars was. Die appellant self glo in die toorkuns en dit was die rede waarom hy

/saam 11

saam met die twee oorledenes na die toordokters was om uit te vind of die twee oorledenes die oorsaak van die weerlig was wat sy suster gedood het. Dit was duidelik dat die appellant subjektief in die toorkuns geglo het en dat sy geloof daarin opreg en eg was soos blyk uit sy besoek met die twee oorledenes by die toordokters. Hy het opreg en eg geglo dat laasgenoemde kon vasstel of die twee oorledenes die oorsaak van die weerlig was al dannie. Weliswaar het die appellant erken dat hy nie bang vir die twee oorledenes was nie en dat hy wraak teenoor hulle wou neem omdat hulle as towenaars die oor=szaak van die weerlig was wat sy suster gedood het.

/Dat

11 (a)

Dat sy geloof in die toorkuns 'n emosie van wraak teen die twee towenaars ontketen het, toon juis aan dat hy eg en opreg aan die toorkuns geglo het. Daar is alle gevalle in ons regspraak waar wraak wat geneem is onder omstandighede van 'n heftige gemoedsbeweging gebore uit 'n egte geloof van verontregting as 'n versagtende omstandigheid beskou is.

/Aangesien

12

Aangesien die verhoorhof ernstig misgetas het oor die appellant se subjektiewe geloof in die toorkuns, moet hierdie Hof opnuut die vraag of daar versagtende omstandighede was al dan nie oorweeg. Daar is die verdere oorweging dat die aanwesige stamlede geraas geskree het dat die twee oorledenes gedood moes word. Dit is wel 'n faktor wat kumulatief in ag geneem kan word by die appellant se subjektiewe geloof in die toorkuns om versagtende omstandighede daar te stel.

Al die inligting omtrent die appellant is voor hierdie Hof wat bevoeg is om self vonnis op te lê sonder om dit vir vonnisoplegging na die verhoorhofterug te stuur. In die lig van die besondere

/omstandighede

13 omstandighede is dit nie 'n geval vir oorweging of die doodvonnis se diskresionêr opgelê moet word nie. Ek mag daarop wys dat die verhoorhof in die geval van sommige van die ander beskuldigdes bevind het dat hulle geloof in die toorkuns eg was en dat dit as 'n versagtende omstandigheid beskou is sodat hulle slegs gevangenisstraf opgelê is.

Die appellant is in 1961 gebore. Hy het geen vorige veroordelings nie. Hy het tot in standerd 4 skoolopleiding ontvang. Hy leef saam met 'n vrou

by wie hy twee kinders het. Hy het egter 'n leidende rolgespeel by die ophang van die twee oorledenes al hetdit nie gepaard gegaan met voorafbeplanning nie.

/Daarby

14

Daarby is die toorkuns 'n verderflike euwel in enige be=skaafde samelewing wat bestry en ontmoedig moet word veral -na my mening - deur opvoeding en verspreiding van die Christelike geloof. Alles in ag geneem, is ek vanoordeel dat die appellant op klagtes 1 en 2 elk 15 jaargevangenisstraf opgelê word wat samelopend sal wees.

Die resultaat is dan dat die appèl teendie bevinding van geen versagtende omstandighede t.o.v. die twee aanklagte van moord in klagtes 1 en 2 slaag. Die volgende bevele vervang die bevele van die verhoorhof:

/1. Die 15

1. Die appellant is skuldig aan moord met versagtende omstandighede op klagte 1 en word 15 jaar gevange= nisstraf opgelê.
2. Die appellant is skuldig aan moord met versagtende omstandighede op klagte 2 en word 15 jaar gevange= nisstraf opgelê wat samelopend is met die 15 jaar gevangenisstraf t.o.v. klagte 1.

C. P. JOUBERT AR.

VILJOEN AR)

JACOBS AR) Stem saam.

Source & reproduction note

Judgment wording, source notices and original paragraph numbers are retained. Esheria supplies the layout and this PDF's page numbers; these are not the source pagination. This is a research copy, not an official or certified court document. Check quotations, citations and publication restrictions against the original source before relying on it.

ORIGINAL SOURCE <https://www.saflii.org/za/cases/ZASCA/1986/26.html>

CASE PAGE <https://chat.esheria.ai/case-law/south-africa/s-v-maenetja-unknown-topic-asca-1986>

Prepared on 10 October 2026 · Esheria